13Jesus sê toe verder vir hulle: "Julle verstaan nie eens hierdie verhaal van die man wat saai nie. Hoe sal julle dan enige verhaal verstaan wat Ek julle vertel? Laat Ek nou eers vir julle verduidelik hoe julle die verhaal moet verstaan van die boer wat gaan saai het. 14 Die boer saai die boodskap van God.

15" Party mense is soos die saad wat op die voetpad geval het ... Hulle hoor die boodskap van God, maar dit sink nie in nie. Sodra hulle dit hoor, sorg Satan dat hulle dit baie gou vergeet. Satan pik as't ware daardie woorde uit hulle gedagtes uit.

16"Ander mense is weer soos die saad wat op die rotse geval het ... Ook hulle hoor die boodskap van God en is dan baie opgewonde daaroor, maar net 'n rukkie. 17Sodra hulle geloof iets van hulle begin vra of hulle opofferings moet begin maak, is hulle skielik nie meer so opgewonde en oortuig van alles nie. Gou bly daar niks meer van hulle sogenaamde nuwe geloof oor nie.

18"Daar is ook mense wat soos die saad is wat in die doringbosse beland het ... Hulle het ook die boodskap van God gehoor en dit gretig aanvaar. 19En tog, in die alledaagse lewe word die eise wat hulle beroep stel en al die ander dinge waarmee hulle besig is, ja, selfs die gejaag na geld, vir hulle belangriker as die geloof. Hulle het nie meer tyd of krag oor om vir die Here te werk nie. Later kan 'n mens nie eens meer agterkom dat dit



Inleiding

Aan die begin van elke jaar begin ons met ‘n kort reeks van so 3 Sondae. Hierdie reeks handel dan oor ons Tema vir die nuwe jaar. Die jaar tema vind sy geboorte tydens die beplanning waarby die leiers van die gemeente en leraars betrokke is. Biddend en met vertroue is dit ons belewenis elke jaar dat die Here ons hier rigting gee en ons gedagtes volgens sy hartklop vir Kerk-In-Suid vorm. Hierdie reeks en ons jaar tema is dan ‘Dit is tyd...’

Maak die gesprek oop

Ons almal het onkruid wat op ‘n manier êrens in ons tuine groei.

- Hoe laat die onkruid jou voel?
- Hoe dink julle kan ons die onkruid van ons tuine en die onkruid in ons lewens met mekaar vergelyk?

_____

_____

_____

Oor die Reeks

In hierdie reeks oor ‘Dit is tyd...’ gaan ons vir drie Sondae stilstaan by Markus 4 wat bekend staan as die gelykenis van die saaier.
Jesus lewer dié gelykenis langs die See van Galilea vanuit ‘n skuit op die see aan ‘n skare wat op die strand bly staan het.

Die saad word in vier kontekste, vier tipes grond, gesaai:

- op die pad,
- op klipbanke,
- tussen onkruid en
- in goeie grond.

Daar gebeur ook vier goed met die saad.

- Die voëls pik die saad op die pad op.
- Die son verskroei die saad op die klipbanke dat dit verdroog.
- Die onkruid verstik die saad wat tussen dit val.
- Die goeie grond lewer 'n goeie tot uitstekende opbrengs.

Die effektiwiteit van die saad hang dus af van beide die werk van die Saaier en die saad, sowel as die ontvanklikheid van die grond.

Wat het vir julle uitgestaan van Sondag se erediens?

_____

_____

_____

Skriflesing
Lees Markus 4:1-20
Fokus: Markus 4:18-19

Wat staan vir jou uit in Markus 4 hierdie week?

_____

_____

_____

In Sondag se erediens het ons gehoor dat onkruid kan soos 'n "suurstof dief" wees wat kom roof en steel? Noem voorbeelde van suurstof-diewe in die lewe?

_____

_____

_____

TEMA Suurstof dief **SONDAG** 19 Januarie 2020

Uit Markus 4:19-20 sien ons dat saad tussen onkruid val, dan verstik die onkruid hierdie saad en dit bly sonder vrug.

Gesels en ruil gedagtes uit oor elkeen van die onderstaande gedeeltes vanuit die teks:

- Hoe waar is dit in ons lewe?
- Hoekom dink julle het Jesus juis die drie voorbeelde gebruik?

Dit is hulle wat die woord hoor,

- *"maar die sorge van die lewe verstik die woord, en dit bly sonder vrug"*

_____

_____

- *"verleiding van rykdom verstik die woord, en dit bly sonder vrug"*

_____

_____

- *"begeertes na allerhande ander dinge kom op en verstik die woord, en dit bly sonder vrug"*

_____

_____

Hoe kan ons die onkruid in ons lewe minder maak?

_____

_____

_____

Gebed

Here, help my dat die onkruid in my lewe....

NOTAS